Beeld

Dinsdag 19 Oktober 2004 bl. 3
Beeld
Johannesburg Finaal
Sake-Beeld

Werkeprogram is nog leierloos

Jaco Leuvennink

Kaapstad. -- Die regering se belangrike werkskeppingsinisiatief, die uitgebreide openbare werke-program (EPWP), is ná 11 maande steeds sonder stuurman.

Dit blyk uit die jaarverslag van die departement van openbare werke, wat verantwoordelik is vir die koördinering van die EPWP, dat die pos van adjunkdirekteur-generaal belas met die program einde Maart vakant was.

Die departement het bevestig dat die pos steeds vakant is, 11 maande nadat die program in November verlede jaar deur die kabinet goedgekeur is. Klaarblyklik wil die departement seker maak dat die geskikste kandidaat gevind word.

Mnr. Sakkie Blanché van die DA het gister gesê hy gaan beslis vrae oor die vakante pos stel by die volgende vergadering van die portefeuljekomitee oor openbare werke. Hy meen die ANC se aanspraak dat 'n miljoen werkgeleenthede met die openbare werke-program geskep gaan word, gaan net 'n leë verkiesingsbelofte bly; ook omdat nog net R3,2 miljard van die R15 miljard wat in vanjaar se begroting as koste van die EPWP genoem is, reeds toegeken is. Blanché het voorts daarop gewys dat in die finansiële state van openbare werke koste van R17 miljoen toegeskryf word aan "vertragings met die oordrag van geld vir die EPWP aan munisipaliteite", asook " 'n ernstige stelselprobleem" en "vakante poste".

Hy meen die koste van gebrekkige vordering met chroniese hoë werkloosheid en lae vertroue in die ANCregering se inisiatiewe, is veel hoër as dit.

Me. Anna McCord van die WNNR het onlangs bevind dat selfs al word die EPWP behoorlik toegepas, sal dit jaarliks net sowat 3% van Suid-Afrika se werkloses regstreeks raak.